**Maandag 31 Desember**

| Skrifgedeelte: Matteus 28:16-20 | Fokusgedeelte: Matteus 28:19 |
|---|---|

# Was ek getrou?

As mens op Oujaar bestek opneem, is die belangrikste oorweging vir ons gelowiges: Was ek 'n troue dienaar van Christus? Die maatstaf lê in sy laaste woorde aan sy dissipels: "Gaan na al die nasies en maak die mense my dissipels." Alles gaan om dissipels maak. Dis die kerk se primêre doel. Dis waarom die lig van ons moet uitstraal. Dis ook die hart van ons roeping en menswees. Om God se uitverkorenes te gaan soek. Ons is sy instru-mente om die getal van sy uitverkorenes vol te maak. Was ek daarin getrou? Hier is vyf merkers vir getrouheid:

- Was ek beskikbaar, gewillig? Soos sy dissipels, dáár soos Hy beveel om deur Hom toegerus te word?
- Het ek Hom, soos hulle, in verwondering aanbid?
- Het ek my in volle onderdanigheid aan sy goddelike gesag onderwerp? Immers, aan Hom is gegee alle mag in die hemel en op aarde. As Hy my stuur en bemagtig, hoe sal ek huiwer?
- Was ek gehoorsaam; het ek na Hom geluister en gedoen wát en hóé Hy sê? Gegaan? Om mense sy dissipels te maak, moet mens gáán. Deur jou woorde en voorbeeld, self 'n visser van mense wees. Hulle kom nie na jou toe nie. Jy moet na hulle gáán.

So 'n edele verantwoordelikheid, so 'n ewigheidstaak stel eise ver bo ons eie vermoëns. Maar let ook op die vyfde merke, die heerlike versekering:

- "Onthou, Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

*Sing: Skrifberyming 1-1:4, 5, 6*

*Ds. CJ (Cornel) Nagel (Messina)*